**Huisbesoek**

Dis waarlik goed om agteroor te sit
van huis tot huis – die rooi tapyt
is skoon gevee en uit drie spierwit
koppies drink ons tee. Die vrou bekyk

die één swart stippeltjie wat deur die sif
geglips het en blameer haar nuwe meid.
Ons praat oor rugby en die eggenoot vit
oor belastings en die liberale kleurbeleid

wat, sê hy, onheil spel vir elke lid
van ons knoes klas wat blind is vir die feit.
As ons dan na die tee ons oë sluit en bid
is ek verwonder or my eie klein skynheiligheid.

I.L. de Villiers
Uit: *Leitourgos* 1972



# SIMBAAL

"Prys Hom met galmende simbale"
[Psalm 150:5]

**Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Klerksdorp-Noord**
[Webadres – http://www.gkklerksdorpnoord.co.za/]

**Jaargang 5 Sondag 3 Oktober 2010 Nommer 25**


## ANDRÈ EN HETTIE – DANKIE EN TOTSIENS



# Afskeidspreek



**Oggenddiens:** Dr. Andrè Grovè

Lees: 2 Timoteus 3:10-4:8
Teks: 2 Timoteus 4:1b-4

**VERKONDIG DIE WOORD!**

*2 Timoteus 4:1b-4*: "Verkondig die woord; hou daarmee vol, tydig en ontydig; weerlê, bestraf, bemoedig deur met alle geduld onderrig te gee, want daar sal 'n tyd kom wanneer die mense die gesonde leer nie meer sal verdra nie. Hulle sal hulle eie begeertes volg en vir hulle leermeesters bymekaarmaak wat net sal sê wat hulle graag wil hoor. Hulle sal die waarheid nie wil hoor nie en hulle tot verdigsels wend."

Geliefde broeders en susters,

U sal my seker nie kwalik neem nie, as ek vanoggend onwillekeurig vir myself die vraag afvra: *Wat* het jy die afgelope 34 jaar as predikant gedoen? En: *Waarom* het jy dit gedoen? Hoekom het jy oor al die jare soveel keer gepreek: in eredienste, met troues, by begrafnisse? Wat het jy die heel tyd gedoen met *huisbesoek* en in die *katkisasieklasse* en met *Bybelstudie*?

> Die antwoord op die vraag *waarom* ek gepreek het en al die ander dinge wat 'n predikant moet doen, wel gedoen het, staan in die teks – 2 Timoteus 4:2: "***Verkondig die Woord***".

***Paulus se brief aan Timoteus***

Paulus is aan die einde van sy lewe. Nou skryf hy hierdie laaste van sy briewe aan die jong Timoteus wat in Efese predikant is. Paulus gee aan Timoteus 'n laaste opdrag. Hy sê vir Timoteus waaruit sy *eintlike* werk bestaan: "Verkondig die Woord."



Andrè versamel seëls, doen graag houtwerkies en het 'n groot belangstelling in genealogie. Andre se doelwit is om sy roeping enduit te volvoer.

Suster Bonnie Lotter

**Unio mystica**

Gister kon ek van bladsy een tot tien
– die Nagmaalsformulier het suiwer taal
wat elke lydensfeit presies verhaal –
die aangesig van Christus nêrens sien.


Toe ek oplaas die sakrament bedien,
die brood gebreek het en die drinkbokaal
ophef, die konsekrasiewoord herhaal,
het ek die loon van die verraad gedien.

Maar by die werkbank waar ek nou ontspan,
die saag en beitel in my handpalm brand,
sien ek meteens 'n onmiskenbare prent

van sy gelaat – ook Hy was timmerman!
Nou word die hout en kruispen in my hand
die substantiewe van 'n sakrament

P.W. Buys
Uit: Pleroma 1977

## Andrè Grovè



Andreas Hendrik Grovè, of Andrè, of dominee Andrè of bloot net dominees soos baie hom noem het, het te Vereeniging opgegroei, op die walle van die Vaalrivier, natuurlik aan die Vrystaat kant. Sy ouers was Roelof en Miemie Grovè.
Sy hoërskooljare is in Parys en hy lê ook belydenis van geloof aldaar af by ds. Willie Maritz in die Parys-gemeente.
Andrè het soos baie gedurende daardie jare, geen militêre opleiding gehad nie. Hy gaan direk na skool na die PU vir CHO waar hy B.Sc. studeer met toegepaste wiskunde as hoofvak. Hy gee onderwys vir ’n jaar lank en verwerf ook sy B.Sc. honneursgraad.
Innerlik voel hy die roeping van die Here om predikant te word. Van 1973-1976 studeer hy aan die Teologiese Skool Potchefstroom en ontvang die Th.B. graad in teologie aan die einde van 1976.
As proponent word hy begin 1977 in sy eerste gemeente Pietersburg -Suid bevestig waar hy arbei tot 1980. Sy tweede gemeente is Secunda wat hy in die tydperk 1981 tot 1989 bedien. Aan die einde van November 1989 ontvang hy die beroep na Klerksdorp – Noord waar hy in Desember 1989 ontvang en bevestig is. Hy bedien Klerksdorp – Noord van Desember 1989 tot met sy emeritaat op 3 Oktober 2010.

Hy verwerf in 1989 'n MA graad aan die Universiteit van die Vrystaat met 'n verhandeling oor *DIE BOSE EN DIE KERK VOLGENS OPENBARING 2 EN 3.* Hy sit sy studie voort aan die Teologiese Skool Potchefstroom (PU vir CHO) en verwerf in 1993 die Ph.D. met 'n proefskrif wat handel oor: *DIE SELFIDENTIFIKASIE VAN CHRISTUS IN OPENBARING 2 EN 3.*
In sy bedieningsjare het Andrè op die vlak van die Klassis, Partikuliere Sinode en Nasionale Sinode sy invloed laat geld en sy bydrae gelewer.





***God se roeping om te preek***

Ons Here Jesus roep sekere mense, en Hy maak hulle ook bekwaam om sy Woord te verkondig. Jy kies nie self om dit te doen nie. Die Here roep jou. So doen Hy dit van ver terug in die geskiedenis af. Presies netso maak Christus vandag nog met elkeen wat Hy wil hê sy Woord moet verkondig. In Romeine 10:14c-15a: “Hoe kan jy van Hom hoor sonder iemand wat preek? En hoe kan iemand preek as hy nie gestuur is nie?” In 2 Korintiërs 3:5-6a skryf Paulus: “Uit onsself is ons nie in staat om iets te bedink asof dit uit onsself kom nie. Ons bekwaamheid kom van God, wat ons bekwaam gemaak het om bedienaars van ’n nuwe verbond te wees…”

Die Here roep jou, maak jou bekwaam, beveel jou. Hy lê jou die dwang op om sy Woord te verkondig. En: Dan maak jy soos Hy sê. Daar is vir jou geen uitkomkans nie. Al probeer jy soos Jona wegkom van hierdie roeping van God af – jy kan nie! Jy kies nie self om die Woord van God te verkondig nie. Jy kies nie self om diaken of ouderling of predikant te word nie. Jy kan nie self kies om in Jesus Christus te glo nie. Jesus Christus kies jou om in sy diens te staan. In 1 Korintiërs 9:16 sê Paulus: “Ek verkondig die evangelie omdat ek móét! En wee my as ek dit nie doen nie!” As die Here jou roep, durf jy nie “nee” sê nie!

**Die woord *verkondig***

Ek wil graag meer sê oor die woordjie *verkondig.* In daardie tyd was dit so dat as ’n koning aan sy volk iets wil sê, ’n belangrike besluit of inligting aan hulle wil bekend maak, dan het hy een of meer boodskappers te perd deur sy koninkryk rondgestuur om dit aan hulle oor te dra. Oor jare het die status en pligte van die boodskapper (die herout) verander. Maar oor die algemeen kan gesê word: Hierdie boodskapper was ’n vertroueling van die koning. Hy het baie naby aan die koning gestaan. Hy moes betroubaar wees om die koning se berig reg en sekuur oor te dra. As hierdie boodskapper byvoorbeeld in 'n dorp sou kom, dan sê hy vir die mense daar nét wat koning vir hom gesê het om te sê. Hy kondig op gesag van die koning net die koning se boodskap aan. Niks minder nie. Niks meer nie.

Hy dra slegs die feite oor – en dan gaan hy verder. Hy fabriseer hoegenaamd nie sy eie boodskap nie, of gee verdraaide inligting deur nie. Hy tree nooit onafhanklik van sy sender op nie, en hy moes verantwoording doen aan die een wat hom gestuur het.

Hierdie man op sy perd is niks anders nie as net ’n *ambassadeur* van sy koning. Timoteus, so is jy en elke predikant slegs ’n gestuurde deur Christus, wat sý *Woord* moet *verkondig*. Verkondig aan die mense wat Jesus Christus aan hulle sou verkondig het. Hý moet aan die woord kom. Nie jy nie.

**Redeneer oor die waarheid**

’n Mens verstaan die woord *verkondig* ook beter as jy dit kontrasteer met ’n ander begrip wat ’n mens by die Grieke van daardie tyd gekry het. Ons lees in 1 Korintiërs 1 daarvan. As die Griekse filosowe by die *waarheid* oor ’n saak wil uitkom, dan *redeneer* hulle daaroor. Wysheid en waarheid kry jy deur met jou breinkrag ’n saak uit te pluis. Deur sommer net te aanvaar iets is só, iets is wáár – dít is vir hulle dwaasheid. Jy aanvaar nie goedskiks iets is sus of só nie. Nee, moet eers daaroor redeneer. Dan *ontdek* jy die waarheid. Dan kom jy by wysheid uit. Dit is vir hulle dwaas om iets sommer net te aanvaar!

**Konstateer die feite**

En nou kom Paulus en hy skryf vir die Korintiërs: As dit gaan oor Jesus Christus, oor sy dood en opstanding, as ek die Evangelie van Jesus Christus aan julle bekend maak, dan *redeneer* ek nie met julle daaroor nie, dan *konstateer* ek bloot die feite aangaande Christus aan julle. Hy is die Messias. Hy is God. God het in Hom mens geword. Hy het aan die kruis gesterf. Hy het uit die dood uit opgestaan. Hy het opgevaar hemel toe. Hy kom weer terug op die laaste dag. Hy is die Koning oor alle konings. Hy regeer oor alle dinge. Hy is almagtig. Ek *verkondig* dit bloot net aan julle. Of jy dit met jou verstand kan begryp of nie, is nie ter sprake nie. Oor hierdie feite gaan ek nie met julle redeneer nie. Timoteus, verkondig die Woord – daar in Efese! Dis al!



# PROFIEL VAN ANDRE EN HETTIE GROVE



Alreeds 20 jaar ons herder en leraar hier in die Gereformeerde Kerk Klerksdorp-Noord (1989-2010) en het ons baie geheg geraak aan ons predikantspaar.

## Die gesin Grovè

Hulle het drie kinders, twee dogters, Ronel en Marie, en dan hul seun Roelof. Ons het Andrè en Hettie se kinders deur die jare goed leer ken, almal al reeds uit die huis uit en gelukkig getroud. Hulle is oupa en ouma van sewe klein-kinders. Hulle het as predikantspaar hulle roeping hier vervul en dit is dan ook hulle uittrede uit die bediening uit en ons is hartseer om hul as predikantspaar te verloor.



## Hettie Grovè

Hettie het vir Andre getrou bygestaan en haar plig as predikantsvrou in alle opsigte vervul. Sy doen die administratiewe werk tuis en was vir jare lank ook koster. As 'n nooi van der Walt het sy as twaalfjarige met haar ouers vanaf Pretoria na Brits verhuis. Sy gaan skool te Oosteind laerskool, Pretoria en voltooi haar skoolopleiding te Brits. Sy lê belydenis van geloof af by ds. P.G.W. du Plessis in die gemeente Krokodilrivier. Na skool verwerf sy 'n diploma in biblioteekwese aan die PU vir CHO. Haar eerste betrekking was te Vanderbijlpark biblioteek en later is sy by die Pukke se biblioteek werksaam.
Sy en Andrè ontmoet mekaar op die Puk en op 23 Junie 1968 is die tweetjies getroud.
Hettie hou van naaldwerk ander stokperdjies is houtsneewerk, lees en dan natuurlik huisvrou wees. Sy is baie lief vir vetplante en versamel dit graag.

- Ek moes aan u kom verkondig: Jesus Christus het aan die kruis gely. Hy was van God verlate. Sodat jy wat in Hom glo, nooit van God verlate sal wees nie.
- Ek moes net vir u vertel: Uit genade is jy gered. Dit is net op grond van God se onverklaarbare liefde vir jou dat jy salig is.
- Ek moes vir u kom vertel: Voordat God die wêreld geskep het, het Hy sekere mense uitverkies en ander nie. Hy verlos mense alleen uit genade. En dit lê nie op jou weg om dit te verstaan nie.
- Ek moes vir u kom aankondig: Jesus Christus kom weer. En jy moet gereed wees om Hom te ontmoet. Jy moet op jou pos wees as Hy terugkom – anders werp Hy jou in die poel van ewige vuur.
- Ek moes u kom waarsku: Die Satan loop rond soos ’n brullende leeu. Wees op jou hoede vir hom. Moet hom nie ’n vatkans gee nie. Vlug vir hom. Hy soek wie van ons hy kan verslind. Maar ek moes ook vir u sê: Jesus Christus het hom én die dood oorwin. En jy wat in Christus glo, is saam met Hom ’n oorwinnaar.
- Maar ek moes ook weet: U het nie na mý kom luister nie, maar na die Woord van God. U het na God kom luister. En as u nie hier was om te luister nie en die kerk soms maar leeg was en ek vir banke moes preek, moes ek nie moedeloos word nie, maar net aanhou en volhou verkondig wat die Koning van alle konings vir my gesê het om te verkondig. Al was dit vir die banke.

Ek dank die Here dat ek dit kon doen. En dankie dat u vir my gebid het – sodat ek dit kon doen, met die krag wat Hy vir my gegee het. In 1 Petrus 1:24-25 staan: “Die Skrif sê: `Die mens is soos gras, en al sy prag soos 'n veldblom; die gras verdor en die blom val af, maar die woord van die Here, dít bly vir ewig.’ En hierdie woord is die evangelie wat aan julle verkondig is.”

Hettie en ek gaan weg, maar die Here en sy Woord bly vir ewig!

Mag die Here u ryklik seën!

Amen



Al wat jy is, Timoteus – én elke predikant en diaken en ouderling en lidmaat, jy is die man op die perd. Jy moet net verkondig wat God vir jou gesê het om te verkondig. Kondig net my boodskap aan. Vertel slegs vir die mense van Jesus Christus: sy dood, sy opstanding, sy hemelvaart. Dis al. Wanneer Paulus vir Timoteus sê hy moet die Woord van God *verkondig*, dan sê hy eintlik vir hom: Timoteus, jy is ’n *ambassadeur* van Jesus Christus. Jy is sy *verteenwoordiger* hier op aarde.

Timoteus: Hierdie boodskap, hierdie Evangelie, hierdie Woord van God het ’n krag in homself. Hierdie Evangelie is in staat om oneindig méér te doen as waarvoor jy kan bid of aan kan dink. Hierdie Woord is soos ’n swaard wat twee snykante het – dit sny altyd: óf dié kant toe, óf daardie kant toe. Óf jy *glo* die Woord. Óf jy *verwerp* die Woord.

**Hou vol – tydig en ontydig**

Soos wat die Here in die Ou Testament vir Esegiël gesê het, só sê ek dit nou ook vir jou: Hou hiermee vol – tydig en ontydig. Hou aan preek – of die mense luister of nie. Hou aan preek – of hulle kerk toe kom of nie. Al is daar net 10 mense in die kerk: Preek! Hou aan preek – al steur die lidmate hulle nie aan die belofte wat hulle gedoen het nie toe hulle belydenis van hulle geloof afgelê het dat hulle *ywerig* sal wees om in die eredienste te kom deel. Hou aan om die Woord te verkondig – al draai hulle hul koppe weg.

Jy gaan nie altyd geliefd wees as jy die Woord van God verkondig nie. Jesus het vir sy dissipels gesê Hy stuur hulle soos skape onder wrede wolwe in (Matteus 10:16). Hulle sal vervolg word (Johannes 15:20). Hulle sal julle aan die dood oorgee (Matteus 24:9).

Jy as boodskapper van die Evangelie mag en sal swaarkry. Maar: Die Boodskap self kan nie vernietig word nie. Die Evangelie neem onkeerbaar sy loop deur die wêreld (2 Tessalonisense 3:1). Die Koninkryk van God breek vir homself ’n pad oop – deur alle weerstande heen (Matteus 11:12).

**Die Woord het gesag**

Timoteus, die Woord wat jy daar in Efese aan die kerk moet verkondig, het *gesag*: Nie jou eie gesag nie. Die gesag van die Woord van God lê nie in hoeveel woorde of hoe geleerd of hoe mooi jy vir die mense preek nie. Nee, die gesag van die Woord van God lê in die Een wat jou gestuur het. Die gesag van jou boodskap is gesetel in jou Sender wat jou gestuur het. Die gesag van jou preke lê in God Self.

Paulus het groot probleme met die gemeente in Korinte gehad: Hulle het hulle aan mense gebind. Party het gesê: Paulus is ons man. Ander het hulle weer om Apollos geskaar. Nee, sê Paulus: Dit gaan nie oor my of Apollos nie. By die Evangelie gaan dit oor Christus, oor God. Hy staan in die sentrum. Hý *is* – en *moet* wees – die inhoud van elke preek. Die belangrike Een is Jesus Christus: die Sender van die man op die perd, die Een wat die boodskap gee, die Een wat die boodskap is. Hy moet méér word, en jy, ds. Timoteus moet minder word. Die mense moet vir Christus hoor – en nie vir jou. Jy is net sy tolk.

**Die wat nié na die boodskap luister nie**

Timoteus, as jy daar by die mense met jou perd aankom, sal jy mense kry wat *nié* na die boodskap gaan luister wat die koning aan hulle laat afkondig het nie. Jy ken tog die gelykenis van die ryk man en Lasarus. Die ryk man het die Woord van God gehoor – maar hy het nie erns gemaak met God en sy Woord nie. Toe hy nog geleef het en in die volle krag van sy lewe gestaan het, is die Woord van God aan hom verkondig. Toe hy die geleentheid gehad het om hom te bekeer toe God met hom kom bemoeienis maak het – tóé het hy hom nie daaraan gesteur nie. Maar: Nou is hy dood. En nou is dit te laat. Toe hy kon luister, toe het hy nie. En dit moet elke predikant ook weet: Baie mense wat die geleentheid het om na die Woord te luister as die Here dit aan hulle laat verkondig, druk maar net hulle ore toe – uiteindelik tot hulle eie skade. Hulle sal eerder na een of ander ánder leer gaan luister. Luister hoe stel Paulus dit vir Timoteus in vers 3-5: "Daar sal 'n tyd kom wanneer die mense die gesonde leer nie meer sal verdra nie. Hulle sal hulle eie begeertes volg en vir hulle leermeesters bymekaarmaak wat net sal sê wat hulle graag wil hoor."



**Die leiding en verligting van die Heilige Gees**

Timoteus, jy moet ook weet dat jy nie uit jou eie dié Woord van God sal kan verklaar nie. As die Heilige Gees jou nie lei nie, nie jou verstand en jou hart verlig nie, sal jy dit nie kan verklaar en kan verkondig nie. Jyself kan ook die Woord van God nié in mense se harte indra en hulle laat glo dis die Woord van God nie. Net God kan dit doen deur sy Heilige Gees. 2 Korintiërs 4:13 sê ons het die Heilige Gees "wat die geloof wek". Verder staan in 2 Petrus 1:20-21: "Dít veral moet julle weet: geen profesie in die Skrif kan op grond van eie insig reg uitgelê word nie, want geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie. Nee, deur die Heilige Gees meegevoer, het mense die woord wat van God kom, verkondig."

**Die Here is in alles by die prediker**

Wanneer jy die Woord van God verkondig, is jy nooit alleen nie. Oral waar jy is, is die Here by jou. Toe Jesus hier op aarde was, het Hy aan ons die versekering gegee in Markus 13:11: "Wanneer hulle julle gryp om julle oor te lewer, moet julle julle nie vooruit bekommer oor wat julle sal sê nie, maar julle moet praat soos dit op daardie oomblik aan julle gegee sal word, want dit is nie julle wat praat nie, maar die Heilige Gees."

**Die aankondiging wat Jesus Christus wou sê**

Al wat ek die afgelope klompie jare hier in hierdie gemeente gedoen het, was om op my perd te ry en Sondag na Sondag, en van huis tot huis slegs aan te kondig dít wat Jesus Christus vir u wou sê. Ek moes maar net sê: So sê die Here Here. Jesus Christus het vir jou sondes gesterf. Vir ál jou sondes. En op grond daarvan vergewe God jou ál jou sondes. Jesus het opgestaan uit die dood. Kan jy met jou verstand by hierdie wonderwerk uitkom? Nee, jy kan nie! Maar hierdie onverstaanbare feit beteken vir jou dat jy ook eendag tot die ewige saligheid gaan opstaan.